**Ek bid vir hulle wat U aan My gegee het**

**Joh 17:6-11**

**25 Januarie 2026**

1. Vantevore: In eerste deel van die hoëpriesterlike gebed bid die Here Jesus vir Homself. Hy het een bede: Dat Hy deur die Vader verheerlik sal word. Met twee doelwitte: dat die Vader verheerlik sal word, en dat Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy voor die skepping gehad het. Die verheerliking van die Seun gebeur deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. So bewerk Hy ook ewige lewe vir die uitverkorenes. So leer hulle God en die Seun ken deur hulle persoonlike verlossingservaring. So sal hulle die Vader en die Seun verheerlik – en die aarde gevul wees met die kennis van die heerlikheid van God.
2. In verse 6-19 bid die Here Jesus vir die dissipels in die bovertrek:
    a. Hulle behoort aan die Vader, aan wie Hy die Vader se Naam bekend gemaak het (v 6, 9), hulle is die wat Hy bewaar het (v12), hulle gaan nou agterbly (v13)
3. Struktuur van V6-19: V6-11: 4 Redes waarom die Here Jesus vir die dissipels bid; V11b-19: Inhoud van Sy gebed vir die dissipels
4. Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle het aan die Vader behoort (Joh 17:6, 9)
    a. Dissipels het eers aan die Vader behoort, en is toe aan die Seun gegee (v6, 9)
    b. Vader kies gebaseer op Sy goeddunke, sodat hulle die genade van die Vader mag leer ken, deur die werk van die Here Jesus, om God te verheerlik (Ef 1:3-6)
5. Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy het hulle geleer om God te ken (Joh 17:6, 8)
    a. Die Here Jesus het die Vader se Naam (v6), Sy woord (evangelie, v6), Sy woorde (leringe, v8a) kom leer:
        i. Joh 1:14, Joh 1:18, Eks 3:13-15 en Joh 4:26 en "Ek is"-uitsprake, lering by bruilof in Kana, tempelreiniging, Samaritane
        ii. Sy kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart = Sy verheerliking
        iii. Kol 1:15, 19, Heb 1:3
    b. Die Here Jesus het baie belê in die dissipels – Hy bid, sodat dit die gewensde uitwerking sal hê
6. Die Here Jesus bid vir die dissipels, want hulle is besig om God te leer ken en verheerlik (Joh 17:6-8, 10)
    a. Wat was die effek van die Here Jesus se lering op die dissipels? Hulle het gehoorsaam (v6), geweet (v7), aanvaar, werklik besef, geglo (v8), verheerlik (v10)
    b. Alhoewel dit 'n goeie effek was (vgl Joh 6:68-69, 11:16, 13:37), was dit steeds gebrekkig – tog bid die Here Jesus vir die dissipels, juis daarom bid Hy vir hulle
    c. Die dissipels was op die verlossingspad/heilsorde:
        i. Behoort aan die Vader (v6, 9) = uitverkiesing
        ii. Geweet (v7), aanvaar (v8), werklik besef (v8) = geloof (v8) – regverdigmaking
        iii. Gehoorsaam (v6) = heiligmaking
        iv. Verheerlik (v10) = heerlikmaking
    d. Die Here Jesus bid vir hulle, omdat hulle is wie hulle is, en omdat hulle nog nie is wie hulle moet wees nie
7. Die Here Jesus bid vir die dissipels, want Hy gaan na die Vader (Joh 17:11)
    a. Boonop gaan die Here Jesus weg – juis om God bekend te maak deur verheerliking
    b. Daarom bid die Here Jesus vir die dissipels in die wêreld wat hulle haat
8. Toepassing
    a. Dieselfde 4 redes geld ook vir die Here Jesus se gebed vir gelowiges